Die Hoërskool Wagpos

# OPPI PLAAS

DIE KOERANT VIR DIE LEERDERS, VAN DIE LEERDERS- VOL.1 2022



## ONS GROET 'N LEGENDE

### IN HIERDIE UITGAWE

KEDALE



KULTUUR



SPORT



# Totsiens Meneer Neethling

~Danielle Botes | Fotos: Dannique Rousseau

**Kalil Gibran het gesê, "Jy gee maar min wanneer jy van jou besittings gee. Dis wanneer jy van jouself gee, dat jy waarlik gee."**



**As Gr 8's, of beter bekend as KEDALE, het ons in die Hoërskool Wagpos ingestap. Nou, die hoërskool maak 'n kedaal nogal bang. Dit is op die oog af vreesaanjaend groot, met 'n splinternuwe, onbekende personeel en 'n klomp intimiderende tieners op die stoepe.**

**MAAR: niks laat n kedaal se broek meer bewe as die HOOF nie!**

**Gelukkig, hoe meer jy die Hoof leer ken, hoe meer begin jy besef dat Meneer Neethling nie 'n man is om te vrees nie, maar 'n man om te volg. 'n Man met outoriteit en gesag; 'n man wat al die respek verdien; 'n man met 'n passie vir Wagpos en 'n passie vir ons taal! Iemand wat die skool se belange altyd eerste geplaas het.**



**Daar word gesê dat alle goeie dinge tot 'n einde moet kom. Ek het dit nooit regtig verstaan, tot voor ek hierdie woorde begin skryf het nie. As mnr Neethling die HART van Die Hoërskool Wagpos is, die GEES, die DISSIPLINE, die TROTS, die VOLHARD, hoe bestaan Wagpos werklik voort, sonder Meneer Neethling?**

**Dis tóé dat dit my tref: Alle goeie dinge kom wel tot 'n einde, maar die einde beteken nie dat die goedheid sterf nie.**

**Die GEES, DISSIPLINE, TROTS, VOLHARD, ons geloof, al hierdie dinge het Meneer nie saamgedra nie, maar geploeg, gesaai, dit geplant tot diep in elke individu, tot diep in die skool. In elke gebou, elke klaskamer leef dit voort en groei die goedheid verder.**



**Ons wens die volgende vir Meneer namens al die leerders van Die Hoërskool Wagpos toe:**

**Mag die pad voor Meneer altyd reguit wees,**
**Mag Meneer die wind van agter kry.**
**Mag die son Meneer se gesig streel,**
**En die reënboog oor Meneer se kop skyn**
**En - tot ons almal eendag weer ontmoet,**

## WAGPOS GROET MENEER!





# Wagpos Plaas

**Het jy geweet...**

Wagpos het 3 verskillende bees rasse:
- Simbras
- Bonsmaras
- Melkbees: Holstein/Friesbees

**~ Estin Stols**

Vra enige Wagposter wat sit die murg in hulle pype en hulle sal jou antwoord die drinkbare jogurt en daardie VOLROOM melk, lip-lek-lekker... Julle weet ook waar om dit te vind. Die Plaasstal natuurlik. Maar het jy geweet dat hierdie wondersoete drinkgoed van ons eie beeste af kom?

Daardie sedige bruin diere wat jy daagliks sien, is ons skool se eie pragbeeste wat goed versorg word, want hulle is immers ons skool se trots! En sekerlik weet elke Wagposter dat die skool meer as net skool is! Ja, Wagpos Plaas is die punt van ons skool se hart, dit is die plek waar ons leerders oplei en leer om suksesvolle boere te word.

Gaan maak 'n draai op die plaas (met toestemming en toesig natuurlik) en jy sal jou vasloop in die vriendelike en behulpsame plaaswerkers. Juffrou Cloete is die Prakties juffrou wat glad nie omgee om al haar wysheid en kennis van boer en die plaaslewe aan ons oor te dra nie, en ons luister graaag aandagtig want met daardie kennis gaan ons nog Suid Afrika se beste boere word.







# WAARDES

**~ Nicolene Zeelie**

Wat is waardes?  Dit is oortuigings waarmee mense en dinge geëvalueer word. Waardes beïnvloed die besluite wat mense neem, asook die manier waarop hulle optree.

Daar is verskillende waardes. Persoonlike waardes is verseker die belangrikste, want jou persoonlike waardes ontbloot aan ander die tipe mens wat jy is.

'n Waarde soos **GELOOF** is 'n belangrike een, want geloof gee jou die vertroue om enige iets aan te pak, asook 'n gevoel van veiligheid. Geloof kan ook gesien word as 'n bron van energie en dissipline, en dissipline, of ons nou daarvan hou of nie, is die fondament van orde.

**LIEFDE** en **RESPEK** is twee waardes wat hand-in-hand loop. Jy kan nie iemand liefhê as jy geen respek vir hulle het nie.

**VOLHARDING** is die vermoë om beperkings en probleme te oorkom en dit bou karakter. Moenie dat 'n klein klippie 'n berg in jou pad wees nie. Doen alles in jou vermoë om jou drome te bewaardheid, volhard tot die einde uit!

**LOJALITEIT INTEGRITEIT EN EMPATIE** is nog drie belangrike waardes wat elke persoon moet handhaaf. Dit is belangrik om lojaal te wees teenoor ander, maar nog te meer teenoor jouself en jou beloftes. Wees betroubaar en opreg teenoor jou medemens en probeer jou bes om ander se emosies en situasies te verstaan deur jouself in hulle skoene te plaas. Strek jou hand uit na ander, nie omdat jy moet nie, maar omdat jy wil.

**DANKBAARHEID EN GEDULD** is oor die algemeen goeie waardes om te hê. Wees dankbaar vir wat die lewe jou bied en wees geduldig want wat jy verdien sal jy kry.

Waardes vorm jou nie net tot 'n goeie mens met 'n aangename persoonlikheid nie, maar is inderdaad dalk net die oplossing tot vandag se probleme in ons toksiese wêreld.



# KEDAALNAWEEK KAPERJOLLE

**~ Chloe Van Zyl**

Dis die dag waarvoor alle graad 8's gewag het. Kedale sitmet gemengde gevoelens in die klas en wag vir die laaste klok om te lui. Dis Vrydag, 14 Januarie 2022, en oor 'n paar minute begin die jarelange Wagpos tradisie... Kedaalnaweek. Vol afwagting het die kedale koshuis toe gestap, sonder om te weet wat alles op hulle wag.

Die naweek het afgeskop deur mekaar met waatlemoen te smeer en, natuurlik, boeresport. Terwyl die boeresport aan die gang was, het sommige leiers 'n Meneer gekry om saam met hulle by 'n "slide" af te gly. Hy kon glo amper nie stop nie!

Na 'n lang dag was die pret nog nie verby nie, want daardie eerste aand is wanneer die spoke uitkom, en blykbaar was dit nogals vreesaanjaend gewees...

Die volgende dag het die kedale gaan swem, maar nie in water nie... in beesmis! Later was almal so besmeer, hulle kon mekaar nie eers herken het nie! Sommiges het selfs amper "versuip".

Die lekkerste van alles, was beslis die koshuis se ontbyt, die vermoë om weer soos in die ou dae met mekaar te kan praat en dan natuurlik om nuwe vriende en vriendinne te maak.

Dit was 'n naweek vol pret gewees en beslis een om te onthou. Dit is immers een van die hoogtepunte in ons skool. Nou kan alle kedale met beslistheid sê dat hulle amptelik deel van Die Hoërskool Wagpos is.






# Liefde, Lirieke en Lewe

**~ Nicolene Zeelie | Fotos: Dannique Rousseau, Monique Rudolph**

Saint Valentine het gesê dat waar daar liefde is, is daar lewe en 'n dag soos 14 Februarie het geen bekendstelling nodig as dit kom by die liefde nie. !

Dit was ses-uur toe die son rooi oor die horison begin sak. Die liefde het begin opflikker, helderder as die aandster en Uitkoms se eetsaal het van gedaante verwissel na 'n ware sprokiesverhaal.

Die saal was spoggerig met rooi papierlinte op die deure en papierhartjies bestrooi. Daar was roosblare regoor die vloer. Elke leerder het by aankoms 'n hartjie borsspeld en 'n hartvormige suigstokkie ontvang. Ons Wagposters het gelyk soos karakters uit 'n sprokiesverhaal, veral ons meisies was absoluut beeldskoon in hulle pragtige rokke. Selfs die seuns was deftig geklee en reg vir die aand!


Jy kon die rook sien trek soos wat die leerders se voete gebrand het op die dansvloer. en hulle lippe het net so lekker saam met van die liedjies se lirieke gedans. Harte het saam gesmelt en as een geklop. Afrikaanse treffers soos die van Willem Botha het drake oorwin en oorvloedige harte as beloning ontvang.

Soos alles in die lewe kom daar ook 'n einde aan die goeie. Dit het 'n paar liefdespaartjies op die hartverskeurende manier geleer toe sommige se harte in skerwe gespat het. Kom ons hoop vir die res van die Romeos en Juliette dat hulle nie nodig sal hê om binnekort so 'n bitter pil hoef te sluk nie.

Hoop jy het jou Valentynsdag geniet...sonder drama!







## Juffrou Wallis

Tale kan sy praat, maar is sy 'n ware Wagposter van formaat? Ontmoet juff. Megan Wallis, ons nuwe Afrikaanse EN Engelse onnie. 'n Ou Britsie wat nou trots groen dra.

## Juffrou B. Grobler

Juffrou Bianca Grobler, Wagpos se nuwe Wiskunde en Wiskunde Geletterdheid onnie het 'n groot taak wat vir haar voorlê, maar ons weet hierdie Pretorianer gaan sommer vinnig deel word van ons hegte Wagpos familie.

## Juffrou Broodryk

Ontmoet juff. Zanelle Broodryk, Wagpos se nuwe Skeppende Kunste onnie! Sy kom letterlik van verskillende punte in SA af (Bethal, Pretoria en Mosselbaai) en ons hoop dat sy haar wortels diep hier by Wagpos gaan laat groei.

# HULLE IS GROEN WANT HULLE IS NUUT, OF DALK IS DIT NET MISKIEN OMDAT HULLE ONS NUWE WARE WAGPOS ONNIES IS!

**~ Chloe van Zyl**

## Juffrou Esterhuizen

Psst! Het julle geweet meneer Esterhuizen se vrou het ook by ons kom aansluit? Juff Sandra Esterhuizen is 'n regte boffin as dit kom by Tegniese Wiskunde en Wiskunde Geletterdheid.

## Juffrou Pieterse

Ons nuwe Sosiale Wetenskappe en Skeppende Kunste onnie is nog 'n ware Brits inwoner, en sekerlik vir die meeste van julle eintlik al 'n bekende gesig hier by die skool.

## Meneer Van Niekerk

Meneer Christo van Niekerk, aka die skoolhoof se 'bodyguard' en ook 'n oud-Wagposleerder is die nuwe IGO en Tegnologie onnie...saggies trap ouens, hy lyk net vriendelik, máár...

# Wagpos help hul eie

~ **Monique Rudolph**

Op Vrydag, 4 Maart het Wagposters bietjie kop verloor, maar dit was alles ten bate van 'n goeie doel. Ons leerders het hulle alledaagse pragkapsels verruil en gewys hulle gee waarlik om vir hulle gemeenskap deur deel te neem aan ons eie Oesdag.

Met die tema "*Mad Hatter*" het leerders (en onnies) hulle unieke persoonlikhede uitgepluk deur 'n snaakse hoed te dra en so deel geneem in die gees van omgee deur niebederfbare kos en skoonmaakmiddels te skenk vir die Hulpspens. In samewerking met Solidariteit Helpende Hand het Wagpos genoeg kos ingesamel om sowat veertig honger huisgesinne te voed. Hou so aan Wagposters!

*Indien jy Solidariteit Helpende Hand wil ondersteun kan jy gerus hulle webtuiste besoek vir meer inligting by [https://helpendehand.co.za/](https://helpendehand.co.za/)*

# LAG BY WAGPOS

~ ANNIKA BOTHA | ESTIN STOLS

juffrou: waarvoor lag jy?

ek: niks

my brein:




Liewe onnie,

Maak nie saak langs wie jy my sit nie.

Ek gaan nog steeds praat.



# WAGPOS KULT(UUR)

WANT DIS HOE LIEF ONS VIR DIT IS

## TALENTAAND



FOTOS: Dannique Rouseau

## REDENAARS



Juniors

FOTOS: Max Bayer



Seniors

# HARE WAAI VIR WAGPOS SE EERSTES!

**~Chloe van Zyl**

Die dag het uiteindelik aangebreek . . .Donderdag, 3 Maart. ‘n Groot klomp kinders het heelwatgeld bymekaar gemaak vir dié dag. Sommer duisende rande is ingesamel, om presies te wees, R11 620.

Dis die dag toe Wagpos se hele eerste rugbyspan se hare gewaai het!

Met meneer Christo van Niekerk as afslaer het die verkope begin. ‘n Klomp kinders het nuuskierig nader gestaan. Die grootste bedrag was vir ons hoofseun, Igmar Erasmus, betaal . . . R1 300!

Die doel van die veiling was om geld in te samel vir die rugbytoer. Die seuns het deurgeloop met allerhande snaakse haarstyle, maar hulle het dit met trots gedra.
Volgende jaar doen ons dit weer, soos al die vorige jare hier by Wagpos.





# Sport @ Wagpos



Hokkie



Rugby



Swemgala



Nasionale Atletiek



Eerstes Rugby



Eerstes Hokkiemeisies



Eerstes Netbal



Eerstes Hokkieseuns